

2018 - Leef elke dag saam met Jesus!

- Joh 14:21 Wie my gebooië het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.



- Gal 5:24 Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.
- Pro 3:1 My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat jou hart my gebooië bewaar;
- Psa 19:13 (19:14) Hou u kneg ook terug van moedswillige sondes; laat dit nie oor my heers nie. Dan sal ek onbestraflik wees en vry van groot oortreding.
- Psa 19:14 (19:15) Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser!

Laat jou lewe in 2017 verklaar dat
Jesus die Christus is.



2018 - Leef elke dag saam met Jesus!

- **Hartstog** – gevoel van gretigheid, vurige verlange of begeerte na iets
- **Begeerlihed** – Wat die begeerte opwek
- **Begeer** – Sterk verlange na iets wat ek graag wil he
- Mat 5:28 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, **reeds in sy hart** met haar egbreuk gepleeg het.
- Matt 5:28 But I say unto you, That whosoever looketh on a woman to lust after her hath committed **adultery with her already in his heart.**
- Jam 1:14 Maar elkeen word versoek as hy deur sy **eie begeerlikheid weggesleep en verlok word.**
- Jam 1:15 Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.
- Pro 3:1 My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat **jou hart my gebooie** bewaar;
- Pro 3:2 want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder.

Wyse mense aanbid Jesus!



- Pro 3:1 My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat **jou hart my gebooie** bewaar;
- Pro 3:2 want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder.
- Pro 3:3 Laat **liefde en trou** jou nie verlaat nie; bind dit om jou hals, **skryf dit op die tafel van jou hart,**
- Pro 3:4 dan sal jy genade vind en 'n goeie insig in die oë van God en die mense.
- Pro 3:5 **Vertrou op die HERE met jou hele hart** en steun nie op jou eie insig nie.
- Pro 3:6 **Ken Hom in al jou weë,** dan sal Hy jou paaie gelykmaak.
- Pro 3:7 Wees nie wys in jou eie oë nie; **vrees die HERE,** en **wyk af van die kwaad;**
- Pro 3:8 dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente.
- Pro 3:9 **Vereer die HERE uit jou goed** en uit die **eersteling van al jou inkomste;**
- Pro 3:10 **dan sal jou skure vol** word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos.
- Pro 3:11 My seun, verag die tug van die HERE nie, en laat sy kastyding nie jou weersin wek nie,
- Pro 3:12 want die **HERE tugtig hom wat Hy liefhet,** ja, **soos 'n vader die seun in wie hy behae het.**

Wyse mense aanbid Jesus!



- Pro 3:13 Gelukkig die mens wat **wysheid gevind het**, en die mens wat verstand verkry;
- Pro 3:14 want die verkryging daarvan is beter as dié van silwer, en die verwerwing daarvan beter as van goud;
- Pro 3:15 dit is kosteliker as korale, en al jou kleinode kan daar nie mee vergelyk word nie.
- Pro 3:16 In **sy regterhand is lengte van dae**, in **sy linkerhand rykdom en eer**;
- Pro 3:17 sy weë is lieflike weë, en al sy paaie is vrede.
- Pro 3:18 Dit is 'n **lewensboom** vir die wat dit aangryp, **en elkeen wat dit vashou, is gelukkig**.
- Pro 3:19 **Die HERE het deur wysheid die aarde gegrond**, deur verstand die hemele vasgestel;
- Pro 3:20 deur sy kennis het die watervloede oopgebreek en het die wolke dou gedrup.
- Pro 3:21 My seun, laat dit nie uit jou oë wyk nie, **bewaar beleid en oorleg**,
- Pro 3:22 dan sal dit die lewe wees vir jou siel en 'n versiersel vir jou hals;
- Pro 3:23 dan sal jy veilig jou weg bewandel en jou voet nie stamp nie;
- Pro 3:24 as jy gaan lê, sal jy nie skrik nie, en lê jy, dan sal jou slaap soet wees.

Wyse mense aanbid Jesus!



- Pro 3:25 Jy hoef nie bang te wees vir 'n skielike skrik of vir die ondergang van die goddelose as dit kom nie;
- Pro 3:26 want die HERE sal jou vertrouwe wees, en Hy sal jou voet bewaar vir die strik.
- Pro 3:27 Hou 'n weldaad nie terug van hom aan wie dit toekom as dit in jou mag is om dit te doen nie.
- Pro 3:28 Sê nie vir jou naaste nie: Gaan en kom terug, dan sal ek môre gee—terwyl jy dit het.
- Pro 3:29 Bewerk geen onheil teen jou naaste terwyl hy vol vertrouwe by jou woon nie.
- Pro 3:30 Twis nie sonder oorsaak met 'n mens as hy jou geen kwaad gedoen het nie.
- Pro 3:31 Wees nie afgunstig op 'n man van geweld en verkies geeneen van sy weë nie.
- Pro 3:32 Want die verkeerde is vir die HERE 'n gruwel, maar sy verborgenheid is met die opregtes.
- Pro 3:33 Die vloek van die HERE is in die huis van die goddelose, maar Hy seën die woning van die regverdiges.
- Pro 3:34 As dit spotters betref, spot Hy, maar aan die ootmoediges gee Hy genade.
- Pro 3:35 Die wyse sal eer beërwe, maar die dwase behaal skande.

Werke van die vlees en die vrug van die Gees – Gal 5:16-26



- Gal 5:16 Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;
- Gal 5:17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.
- Gal 5:18 Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie.
- Gal 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik oowerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;
- Gal 5:20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;
- Gal 5:21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

Werke van die vlees en die vrug van die Gees – Gal 5:16-26



- Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.
- Gal 5:23 Teen sulke dinge is die wet nie.
- Gal 5:24 Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.
- Gal 5:25 As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.
- Gal 5:26 Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie.